WEEK 7 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

2 Kronieke 7:13-15.

13 ***As (wanneer)*** *Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of* ***as (wanneer)*** *Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of* ***as (wanneer)*** *Ek pes onder my volk stuur, 14* ***en (indien)*** *my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë,* ***dan (daarna) sal Ek (verseker)*** *uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.*

Inleidend.

Ons pad sovêr:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daaroor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handelinge (vs.14) van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
    - Verootmoedig / verneder julleself – daaroor het ons reeds gesels.
    - Draai van julle bose weë – **daaroor is ons tans besig om te gesels.**
    - Bid – daaroor moet ons nog gesels
    - Soek My aangesig – daaroor moet ons nog gesels.
- Vorige keer – ons het gesels oor sondes teenoor andere gepleeg, oor belydenis daarvan en die kritieke belangrikheid van restitusie (regmaak onder mekaar)

Hierdie week – sondes van ’n korporatiewe aard.

Ek is ‘n weergebore, Afrikaans sprekende, Suid-Afrikaner. Op grond hiervan, is ek geassosieer ek met 3 groepe mense / instansies.

1. **Die kerk.** Die oomblik van my weergeboorte het ek deel geword van God se kerk. Die kerk is nie ’n instansie waarby ek kies om aan te sluit nie – die kerk is ’n familie waarin ek ingebore word, en bestaan uit myself asook al my mede broers en susters, wedergebore in Christus. Die kerk is dus ook nie ’n enkel denominasie nie, eerder alle denominasie wat Jesus Christus as verlosser en saligmaker preek.
2. **Die Afrikaner bevolkings groep.** Ek is ook in hierdie groep ingebore. Op grond van wie my ouers en voorouers was word ek deel van hierdie bevolkings groep.
3. **Suid-Afrika as land**. Ek is ‘n burger van Suid-Afrika vanweë die feit dat ek in die land Suid-Afrika gebore is.

Nou ’n kritiese belangrike punt: Ek is “by association / per assosiasie” mede verantwoordelik vir die dade / optredes / sondes van elke een van hierdie 3 groepe. Ek kan en mag my nie as individu distansieer van die optrede van die groepe waaraan ek behoort nie. Waarom kan ek so sê?

Ons lees in Romeine 12:5:”*net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam en almal afsonderlik lede van mekaar*.” Daarom: as een lid van die liggaam (kerk) swaarkry – kry almal swaar, as een lid van die liggaam (kerk) sondig, ly almal daaronder.

Ons lees ook in Romeine 5:12 “*Deur een mens (Adam) het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood en so het die dood tot alle mense deurgedring****, omdat almal gesondig het***.” Adam se sondes word my toegereken asof ek self daar was toe Adam gesondig het. En in ’n sin was ek – want ek was toe alreeds in Adam se DNA gewees. So ook, vanweë my biologiese assosiasie met my ouers, voorouers en die Afrikaner volk, was ek deel daarvan, by implikasie, elke keer wat my voorouers of die Afrikaner volk gesondig het. Daarom sê die Bybel in Eksodus

20:5 – Ek (die Here) reken kinders die sondes van hulle vaders toe... Daar is talle voorbeelde in die skrif van Gods manne/vroue wat die sondes van hulle kerk (geestelike assosiasie) en volk (biologiese assosiasie) bely asof hulle saam deelgeneem het aan hierdie sondes. (Bv. Daniel 9, Nehemia 1, Ps. 106.6, Jer. 14.20 ens)

Ralph Wilson skryf in sy boek – Great prayers of the Bible:

> "*How do you and I ask mercy for a sinful nation of which we are citizens? How do we pray for healing for a church whose spirit has been tarnished by sin and hatred? How do we pray for forgiveness and restoration for a church that has left true doctrine for false? How do we pray? Painfully.* ***Personally.*** *We learn from Jesus and from Daniel."*

Hy skryf verder:

> *"as an intercessor, I cannot just pray for another.* ***When praying for my own nation, people, or church, I must identify with their sins and confess them as mine****. Taking on the sins of another as a mediator -- that is the role of an intercessor*"

Dis duidelik – Ek en jy mag ons nie distansieer van die sondes van ons kerk, ons volk, of ons land nie. Ons bely dit, met trane, asof ons self daaraan deelgeneem het. (En dikwels het ons letterlik ook deel daaraan gehad)
Ek hoop die beginsel is duidelik – As die Here Sy kinders oproep om te draai van hulle bose weë (sonde te laat staan en bely) dan verwag hy dat Sy kinders nie net hulle eie sondes bely en regmaak nie (krities belangrik) maar ook per assosiasie die sondes van hulle kerk, volk en land. Ons gaan, in gehoorsaamheid hieraan, begin om as Sy kinders, die sondes te bely wat korporatief gepleeg is en onsself daarmee assosieer asof ons self elke sonde gepleeg het!

<u>Sondes van die Kerk in Suid-Afrika.</u>

Ons begin hierdie week om die sondes van die kerk van Suid Afrika te bely. Met kerk, bedoel ek, elke gemeente/denominasie wat die naam van Jesus Christus erken en bely. Daar is sondes wat "histories " gepleeg is – m.a.w. deur ons voorgangers en dan ook sondes wat "ongoing" is, vir ons geslag om te bely en regmaak.
Ons begin by 'n sonde van ons voorgangers in die kerk – spesifiek die NG kerk. (Onthou die beginsel – ons bely die sonde vanweë ons assosiasie, nie omdat ons noodwendig self skuldig was nie.) **Ons bely vandag die kerk se rol in die sonde van apartheid.**

In 1944, tydens 'n konferensie van die destydse NG kerk, is daar besluit, onder leiding van die bekende ds. JD du Toit (Totius) om apartheid amptelik, op Bybelse gronde te regverdig. Moontlik kon daar uit die Bybel geredeneer word vir die apartheid / skeiding van volkere. Nooit kan daar egter op Bybelse gronde die liefdeloosheid van apartheid geregverdig word nie. Die grootste hartseer van apartheid was juis dit: ons het nie net die anderskleuriges aanduiding gegee om die blankes te haat nie, maar deur kerklike goedkeuring aan apartheid te gee het ons ook vir hulle aanleiding gegee om die God van die blankes te haat. Prof.BB Keet, een van die min vroeë kerklui wat die besluit teëgestaan het, vra: "Hoe kan ons iemand met die evangelie bearbei, maar nie sosiaal met hom wil omgang nie? Watter soort evangelie is dit wat omgang belet tussen broers van dieselfde geloof?'
In stede daarvan dat die stryd in ons land 'n stryd geword het tussen lig en donker (liefde en evangelie gedrewe) het dit na Apartheid se goedkeuring oorgegaan in 'n stryd tussen wit en swart – haat gedrewe.

Daarom =- as ons die opdrag en voorbeelde in die skrif reg verstaan en interpreteer, verwag die Here van Sy kinders om namens die kerk, die sondes van die verlede te bely, of ons geslag deel was daarvan of nie. Kom ons bid saam:

"Here, ons bely namens ons voorgangers in die kerk, die feit dat hulle apartheid op Bybelse gronde regverdig het. Ons bely dat hulle daarmee die anderskleuriges in ons land aanleiding gegee het om ons, as U kinders te haat. Maar nog meer as dit, om vir U, 'n God van liefde, te haat. Ons bely ook dat ons daardeur ons evangeliese roeping in Suider-Afrika opsy geskuif het ter wille van eie belange en eie gemak. Here, ons vra dat U vir ons, as U kerk, hierdie sondes sal vergewe. Ons pleit by U om die skade wat gedoen is in die psige en emosies van mense om te draai en te genees. Ons bid dat waar daar eers verdeeldheid was, U ware versoening sal bring tussen alle rasse en kleure in ons land. Ook waar daar in die kerk skeuring was a.g.v. die goedkeuring van apartheid, vra ons dat u ware restitusie en broederliefde tussen alle rassegroepe sal bring. Dankie, Here, vir die voorreg, dat ons namens oor voorgangers dit wat verkeerd was in U oë, kan regmaak, tot eer en verheerliking van U naam."

Volgende keer:
In gehoorsaamheid aan die Here se opdrag, bely ons vêrder aan die sondes van die kerk in Suid Afrika

Seënwense

MPG gebed span.